

DIE GEHEIM TOT HEMELSE RUS

Slegs ‘n paar jaar gelede het mense voorspel dat ons binnekort meer vryetyd sou hê as wat ons sou weet wat om daarmee te doen. Daar was goeie redes vir daardie versekerde voorspellings. In die stede van die wêreld het rekenaars deur maand-lange take gekraak teen ‘n fraksie van ‘n sekonde. En robotte het begin om moeilike take in die swaar industrieë te verrig.

Maar nadat die rekenaars begin wegspoed het, en die ge-automatiseerde masjiene begin loop het, is ons meer uitasem as ooit tevore. Die meeste mense het deesdae te min tyd. Maar, bo alles het gesinne te min tyd. Egnore, mans en vroue, vind dit moeilik om “kwaliteit-tyd” vir hulle kinders te vind, wat nog te sê van tyd vir mekaar.

Een studie wat gedoen is in ‘n klein gemeenskap het bevind dat die gemiddelde tyd per dag wat vaders alleen met hulle klein seuntjies deurgebring het was – 37 sekondes! Gesinne het te min tyd en het uit voeling met mekaar geraak.

Hoe kan ons genoeg spoed verminder sodat ons weer met mekaar in voeling kan kom?

1. DIE TEENMIDDEL VIR DIE HOOGSPANNINGSLEWE

Jesus verstaan die probleme van gesinne wat onder stres verkeer en Hy wil hê ons moet verstaan dat geestelike rus deel is van die kwaliteit lewe:

“KOM NA MY TOE, almal wat vermoeid en belas is, en EK SAL JULLE RUS GEE. ...LEER VAN MY, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal RUS VIND VIR JULLE SIELE.” – Matteus 11:28, 29 (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes uit ONTDEK gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Die Bybel stel voor dat ons hierdie rus op twee maniere ondervind: om na Christus toe te kom op ‘n daaglikse sowel as ‘n weeklikse basis.

2. ‘N DAAGLIKSE VERBINTENIS MET JESUS

Skare het aanhoudend op Jesus se aandag aanspraak gemaak. En tog het Christus ‘n vreedsame, rustige gees aan hulle oorgedra. Hoe? Hy het elke dag tyd belê om met Sy hemelse Vader te kommunikeer. Hy het voortdurend op Sy Vader staatgemaak vir die hulpbronne om die lewe se uitdagings tegemoet te kom (Johannes 6:57).

As ons dieselfde kalm, egalige lewe wil voer net soos Hy, moet ons voortdurend op Jesus staatmaak – toelaat dat Sy Woord en Gees ons vervul en ons vorm. Die beste manier om die kragte teen te staan wat ons as individue uitbrand en wat ons as gesinne verbrokkel is om kwaliteit-tyd by Jesus te belê. Hy sê vir ons:

“BLY IN MY, soos Ek in julle. ...SONDER MY KAN JULLE NIKS DOEN NIE.” – Johannes 15:4,5.

Een van die grootste behoeftes van ons tyd is vir mense om in te skakel by die geestelike hulpbron wat beskikbaar is wanneer ons 'n dag-tot-dag verhouding met Jesus aanknoop. Een baie belangrike punt wat beklemtoon behoort te word in verband met ons verhouding met Jesus is Sy voltooide werk op die kruis. Ware rus, werklike sekuriteit, kan slegs bestaan as gevolg van die groot daad waarna Jesus verwys het toe Hy uitgeroep het terwyl Hy besig was om te sterf: "Dit is volbring!" (Johannes 19:30). Met ander woorde, Sy werk om ons te verlos was voltooi.

"Maar nou het Hy (Christus) EEN MAAL in die voleinding van die eeue VERSKYN OM DIE SONDE DEUR SY OFFER WEG TE DOEN." – Hebreërs 9:26.

Toe Jesus gesterf het, het Hy "weggedoen met die sonde." Dit is waarom daar gesê word dat die gelowige wat sy of haar sonde bely het kan "rus" in die voltooide werk van Christus. Ons is aanvaar.

'n Skuldgevoel skuil tans grotendeels agter die gejaagde gang van ons lewens. Maar Jesus het vir eens en altyd die skuld probleem op die kruis opgelos. Jesus se uitroep, "Dit is volbring," het Sy belofte verseël dat dit 'n bevestigde feit is van "Ek sal julle rus gee". Christus het die werk van ons verlossing op Golgota voltooi (Titus 2:14), toe het Hy gedurende die Sabbat in die graf gerus en weer op Sondagoggend uit die graf opgestaan as die Oorwinnaar oor sonde en die dood. Die Christen kan geen groter versekering hê as om te rus in die voltooide werk van Christus nie.

"Laat ons toetree met 'n waaragtige hart in VOLLE GELOOFSVERSEKERDHEID ... Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want HY WAT DIT BELOOF HET, IS GETROU." Hebreërs 10:22, 23.

Omdat "Hy wat dit belof het, getrou (is)", kan ons die verlossingsrus wat Jesus belof het, binnegaan. Die standvastigheid, vrede en rus wat ons elke dag in Jesus ondervind is nie 'n gevolg van enigiets wat ons doen nie, maar van wat Hy op die kruis gedoen het.

Ons kan in Christus rus omdat ons verlossing verseker is. Daardie versekering motiveer ons om elke dag tyd saam met Christus deur te bring, te voed op Sy Woord en die atmosfeer van die hemel in te asem deur gebed. 'n Samesyn met Jesus help ons om ons gespanne lewenstyl te verander in 'n vredevolle, doelgerigte lewe.

3. 'N WEEKLIKSE SKAKEL MET JESUS

Nadat Christus die wêreld in ses dae geskape het (Kolossense 1:16-17), het Hy die Sabbatsrus voorsien. Dit is 'n weeklikse geleentheid wat vir ons geskep is om ons verbinding met Hom te laat groei.

"Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag. So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag GERUS van al sy werk wat Hy gemaak het.

En God het die sewende dag GESEËN EN DIT GEHEILIG, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak." - Genesis 1:31 – 2:3.

As hulle Skepper, het Jesus op die eerste Sabbat saam met Adam en Eva "gerus" en Hy het die Sabbatdag "geseën" en dit "geheilig." God het 'n sewe-daagse weeklikse siklus ingestel, nie tot Sy eie voordeel nie, maar vir Adam en Eva en vir ons vandag. Omdat Hy soveel omgee het vir die mense wat Hy gemaak het, het Hy beplan dat elke sewende dag deur hulle hele lewe, toegewy sal wees om in Sy teenwoordigheid te wees. Elke Sabbat, soos Hy dit genoem het, moes 'n dag van fisieke sowel as geestelike verfrissing wees. Die toetrede van sonde in ons wêreld het die behoefte aan Sabbatsrus net soveel meer akuut gemaak.

Dieselfde Verlosser wat aan Adam en Eva “rus” belowe het, het ongeveer tweeduisend jaar later aan Moses op Berg Sinai daardie wet gegee (1 Korinthiërs 10:1-4). Jesus het dit so verkies om die gebod oor die Sabbatsrus in die middel van die Tien Gebooie te plaas. Die vierde gebod sê:

“GEDENK DIE SABBATDAG, DAT JY DIT HEILIG. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy geen werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy GERUS. Daarom het die HERE die sabbatdag GESEËN EN DIT GEHEILIG.” – Exodus 20:8-11.

God het die Sabbat ingestel as ‘n dag om te “gedenk” of om te “onthou” dat dit die Here was wat “die hemel en die aarde gemaak het.” Sabbatsrus elke week verbind ons met die Skepper wat hierdie dag geseën het en dit opsy gesit het.

Toe Jesus op die aarde geleef het, het Hy gebruik gemaak van elke geleentheid om Sy verbintenis met die Vader te versterk. Hy het voordeel getrek uit die Sabbatsrus deur op die Sabbat te aanbid, soos Lukas vir ons sê:

“Toe kom Hy in Nasaret waar Hy opgevoed was; en soos HY GEWOOND WAS, gaan Hy OP DIE SABBATDAG in die sinagoge.” – Lukas 4:16.

As die goddelik-menslike Jesus nodig gehad het om op die Sabbatdag te rus in Sy Vader se teenwoordigheid, het ons mensekinders dit sekerlik meer nodig. Toe Jesus die wetlike beperkinge wat die Jode op die Sabbat geplaas het (Mattheus 12:1-12), opsy geskuif het, het Hy daarop gewys dat God dit gemaak het tot voordeel van die mens:

“En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat.” – Markus 2:27, 28.

Jesus het die belangrikheid van die Sabbat selfs in Sy dood beklemtoon. Hy het op ‘n Vrydag gesterf en die Sabbat sou pas aanbreek (Lukas 23:54). Op daardie oomblik het Hy aangekondig: “Dit is volbring,” wat beteken, Sy werk om na hierdie wêreld toe te kom en te sterf as ‘n plaasvervanger vir die mensdom, was voltooi (Johannes 19:30, 4:34, 5:30). Daarna, om Sy voltooide sending te vier, het Jesus tydens die Sabbat in die graf gerus.

Net soos Jesus Sy skeppingswerk op die sesde dag voltooi het en toe op die sewende dag gerus het, net so het Hy deur op die kruis te sterf Sy werk van verlossing op die sesde dag voltooi en toe op die sewende dag gerus.

Die Sondagoggend het Jesus uit die graf opgestaan, ‘n oorwinnende Verlosser (Lukas 24:1-7). Hy het toe reeds Sy dissipels gevra om die Sabbat ontmoeting met Hom te handhaaf na Sy opstanding. Toe Hy van die verwoesting van Jerusalem gepraat het, wat byna veertig jaar na Sy dood plaasgevind het, het Hy hulle beveel:

“En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.” – Mattheus 24:20.

Ons Heiland wou hê dat Sy dissipels en hulle bekeerlinge moes voortgaan met die gebruike wat Hy hulle geleer het (Johannes 15:15, 16). Hy wou hê dat hulle die rus van verlossing sowel as Sabbatsrus ervaar. Hulle het Hom nie teleurgestel nie. Die dissipels het voortgegaan om die Sabbat te hou na Christus se dood (vergelyk Lukas 23:54-56; Handeling 13:14; 16:13; 17:2, 18:1-4).

Die geliefde apostel Johannes het sy weeklikse verbintenis met Christus op die Sabbatdag volgehou. In sy later jare het hy geskryf, “Ek was in die Gees op die dag van die Here”

(Openbaring 1:10). Volgens Jesus is “die dag van die Here” die Sabbat, “want die Seun van die Mens is Here van die Sabbat” (Mattheus 12:8).

Op die Sabbat vier ons die twee grootste dinge wat die Here tot stand gebring het vir ons as mense: om ons te skep en om ons te verlos. Hierdie ondervinding van die Sabbat sal voortgaan in die hemel:

“Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here, ... elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.” – Jesaja 66:22, 23.

4. DIE VOORDELE VAN SABBATSRUS

In vandag se gejaagde lewe val mense letterlik oor mekaar. Daar is individue wat uitgebrand is. Gesinne verbrokkel as gevolg van die las. Maar God bied die Sabbat as ‘n soveel beter manier vir ‘n gelukkige bestaan.

Kom ons kyk na die spesifieke voordele van die Sabbatsrus:

- (1) **Die Sabbat is ‘n gedenkteken van die skepping en deur dit heilig te hou, rig ons ‘n gedenkteken op vir ons Skepper.** Die heilige ure bied ‘n wonderlike geleentheid om in voeling te kom met ons wortels in God se geskape wêreld. Wanneer laas het jy of jou gesin die tyd geneem om werklik die stille skoonheid van ‘n bergpaadjie of ‘n murmelende stroompie in te drink? Die Sabbat gee aan ons tyd om saam met Jesus deur te bring en om kykies te kry van die wonder wat Hy vir ons geskape het.
- (2) **Op die Sabbat ervaar ons die vreugde van aanbidding en gemeenskap met ander Christene.** Daar is voordele aan verbonde om God saam met ander as ‘n groep aanbidders te loof. Die Sabbat gee aan ons daardie spesiale tyd om saam te kom as ‘n kerkgroep om ons geestelike batterye te herlaai.
- (3) **Die Sabbat voorsien geleenthede om bedagsame dade te verrig.** Was daar ‘n buurman/vrou siek gedurende die week en jy het nie kans gehad om te gaan besoek nie? Toe ‘n vriendin ‘n simpatieke oor nodig gehad het na die dood van haar man, het die druk van die daaglikse lewe haar ontnem van jou liefdevolle aandag? Jesus beveel aan: “So is dit dan geoorloof om op die sabbat goed te doen.” (Mattheus 12:12).
- (4) **Die Sabbat is ‘n dag om gesinsbande te versterk.** Toe Christus beveel het, “Dan (op die Sabbat) mag jy geen werk doen nie” (Eksodus 20:10), kon Hy nie ‘n beter voorskrif aan werkoholiste vaders en moeë moeders gegee het nie. Die Sabbat is ‘n reuse STOP-teken vir gesinne. Hou op (Stop) om toe te laat dat die dringendste sake die belangrikste sake verdring. Die Sabbat is die een dag wanneer ons gejaag met gebed kan vervang, arbeid met vreugde, besige skedules met rustige nadenke. Sabbatsrus voorsien aan die hele gesin tyd om met Christus in aanraking te kom en geestelike energie uit Sy bron te put.
- (5) **Die Sabbat is veral ‘n tyd wanneer Jesus nader aan ons kom.** Elke verhouding het kwalikheid-tyd nodig en ons verhouding met Christus is geen uitsondering nie. Deur elke week ‘n hele dag aan Christus toe te wy is ‘n wonderlike manier om ons vriendskap met Hom vars en opwindend te hou. Die Sabbat bied aan ons die ekstra tyd vir Bybelstudie en gebed, ekstra tyd om net alleen met Christus te wees in ‘n stil plek en te luister.

Jesus het “die sewende dag geseën en dit geheilig” (Genesis 2:3) met die belofte van Sy teenwoordigheid. Jy kan verstaan waarom dit belangrik is om *Saterdag*, die sewende dag van die week as die Sabbat te eerbiedig, want dit is die dag wat Christus opsygestel het by die skepping om op ‘n spesiale manier met ons te kommunikeer.

Toe Jesus die Sabbat geskep het, lyk dit amper asof Hy ons geslag in gedagte gehad het. Dit is presies wat ons nodig het in ons stres-ervulde lewenswyse: ‘n dag wat waarlik ‘n totale wegbreek van alle ander dinge is. ‘n Dag om God te aanbid, weer in aanraking met die skepping te kom en te konsentreer op verhoudings in plaas van dinge.

5. ‘N VOORSMAAK VAN DIE HEMELSE RUS

Die voordele verbonde aan ‘n *daaglikse* en ‘n *weeklikse* ontmoeting met Jesus kan in een woord opgesom word – rus. Die woord “Sabbat” kom van ‘n Hebreeuse woord wat “rus” beteken. Dit is dus nie verbasend dat die Skrifte die sewende dag “‘n Sabbat van rus” (Levitikus 23:3) noem nie.

“Want Hy (God) het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus; ... DAAR BLY DUS ‘N SABBATSRUS OOR VIR DIE VOLK VAN GOD; ... Laat ons ons dan beywer om in te gaan in die rus.” – Hebreërs 4:4-11.

Deur die “Sabbats-rus” te ervaar gee aan ons ‘n weeklikse voorsmaak van die vreugde wat ons sal ondervind in die volmaakte rus van die hemel. Hierdie rus is nie bloot onaktiwiteit nie, dit verwys na die gevoel van sekuriteit, vrede en gemoedsrus wat die grondslag lê van die waarlik oorvloedige lewe. Hierdie soort van geestelike rus kan slegs waardeer word deur dit te ondervind. Die getuienis van diegene wat die verlossings-rus en die Sabbats-rus ondervind het is universeel: “Indien jy die rus van Jesus deur ‘n daaglikse en weeklikse verbintenis met Hom binnegaan, sal jy die grootste vreugde in die lewe ondervind.”

Wil jy graag vir Jesus dankie sê vir Sy gawe van rus? Wil jy Hom bedank vir die belofte van verlossings-rus elke dag om die uitdagings van die lewe tegemoet te kan gaan, en vir die belofte van die Sabbats-rus elke week om jou verhouding met Hom vas te lê? As jy dit nog nooit gedoen het nie, wil jy graag die verlossing aanvaar wat Hy aanbied? Wil jy Hom graag vertel dat dit jou begeerte is om Sy Sabbat elke week te hou? Wil jy graag sê, “Ja Here! Dit is my begeerte om vreugde te vind in die dag wat U vasgestel het.” Waarom maak jy nie nou hierdie belofte nie?

[Jy kan dalk wonder: Wie het die Sabbat van *Saterdag*, die sewende dag van die week, na *Sondag*, die eerste dag van die week verander? Wanneer is dit verander? Het God daardie verandering goedgekeur? Hierdie vrae sal in Gids 21 beantwoord word.]